VOORBEREIDING VAN DIE HOUER

Aangesien sulke groot potte nie maklik in Suid-Afrika beskikbaar is nie, is 'n leiklip die aangewese alternatief.

'n Leiklip van 1 meter by 50 cm en ongeveer 2 tot 3 cm dik, behoort geskik te wees. Die rante word na bo weggekap om 'n sagte randlyn te vorm. 'n Kleilagie word as 'n "muurtjie" op die rand van die klip gebou. Dit vorm die kante van die houer. 'n Basiese grondmengsel kan hierbinne gegooi word.

Nadat die Wonderboom styl voltooi is, kan die oppervlakte met mos afgewerk word. Die "kleimuurtjie" word oneweredig afgewerk om 'n natuurlike effek te verkry.



NASORG

Die pas oorgeplante bome moet vir ongeveer een tot twee weke in gedeeltelike skadu geplaas word en gereeld natgespuit word. 'n Fyn sagte missproeier kan gebruik word om te verhoed dat 'n sterk stroom die grondmengsel uit spoel. Nadat die bome opnuut begin bot, kan die voedingsprogram 'n aanvang neem.

Misstowwe met 'n eweredige samestelling van stikstof, fosfaat en potas is geskik vir alle vyespesies.

DIE VLOTSTYL (IKADABUCHI)

BARRY FOURIE

Wildevye word nie dikwels in groepplantings gesien nie, en veral nie in die gespesialiseerde style soos die vlotstyl ("raft style") nie. Tog is die groeiwyse van veral die Natalvy (F.natalensis) en die bosvy (F.craterostoma) by uitstek daarvoor geskik.

Die vlotstyl verteenwoordig 'n boom wat omgeval het en waarvan die stam mettertyd gedeeltelik in die grond begrawe geraak het. Die boom se takke het regop begin groei en die stam het wortel geskiet. Uiteindelik het 'n groep bome met 'n eie wortelstelsel uit 'n gemeenskaplike bron (die stam van die oorspronklike boom), ontstaan. Ikadabuchi simboliseer dus die vermoë om te oorleef wanneer 'n band van intieme eenheid tussen individue bestaan.

METODE

Die beginsel by die skep van 'n vlotplanting is heel eenvoudig en kan stapsgewys as volg uiteengesit word :

1. Kies 'n boom wat 'n wye verskeidenheid takke van uiteenlopende dikte en lengtes het. 'n Enkelstammige boom wat takke hoofsaaklik aan een kant het, is ideaal.

2. Lê die boom op sy sy en verwyder enige takke wat onnodig is. Aangesien Wildevye (veral die Bosvy) maklik wortels skiet uit snye wat deur riviersand bedek word, sal dit, waar takke aan die onderkant van die stam verwyder is, binne 'n kort tyd wortelgroei begin toon.

3. Indien die stam te reguit is, kan dit gebuig word in kinkels na agter en na voor om dimensie aan die planting te verleen. 'n Sterk draad word deur middel van kleiner draadjies aan die stam vasgebind, eerder as om dit om die stam te wen. Laasgenoemde bemoeilik latere verwydering aangesien dit die wortels wat uit die stam ontstaan, kan beskadig.